Maand-Krant

Kersfees gebeur in jou hart

deur Stephan Joubert

Kersfees gebeur anders by mense wat Jesus navolg. Ja, sy mense gee ook geskenke weg aan diegene wat naby aan hulle is, maar hulle doen meer as dit. Hulle gee altyd ook iets van hulleself weg. Kerstyd is ‘n tyd van deernis. Dis die tyd dat Jesus se volgelinge diegene raaksien wat nie kos op hulle tafels het, en niemand om vir hulle goed te wees nie. Dis die tyd dat sy mense ‘n kruk word vir diegene wat deur die lewe mank geslaan is. Kerstyd is omgee-tyd, trane-afdroog-tyd, selfgee-tyd.

Jesus se soort Kersfees verander sy volgelinge in ligte vir die donker wêreld. Dit verander God se kinders in noodhulp-werkers wat stukkies genadebrood, en regte brood ook, rondom hulle uitdeel.

Mag jy in hierdie Kersfeestyd Jesus se wonderlike geskenke ontvang. Mag jy dit ook gaan deel met almal rondom jou! Want daar’s heeltemal te veel in jou hemelse eie Kersgeskenk om alles self op te gebruik. Die Christuskind is die hart van Kersfees.

By die krip in die stal klop God se liefde sigbaar. Gaan staan asseblief in Kerstyd by sy krip stil. Sien vir Jesus raak: God se grootste Geskenk ooit aan sy wêreld. Ook aan jou; spesiaal vir jou!

Gaan vier Kersfees aan sy voete.

Wapadrant Finansiële sake

Tot en met einde Oktober 2020



Bedryfsurplus tot op datum einde Oktober 2020: R 677 134

Opsomming:

Die afgelope jaar het dit moeilik gegaan in Suid-Afrika. By verskeie van ons vergaderings, nadat daar terugvoer gegee is oor die Gemeente se huidige finansiële stand, het ons verwag om die effek daarvan ook duidelik in ons gemeente se finansies te sien. (Ons verneem wel van ander gemeentes dat hulle 'n beduidende groot impak kan sien in hulle finansies wat begin opdroog het.) Met groot skaamte moes ons almal erken dat ons dit in kleingeloof benader het en dat ons Hemelse Vader nie deur enige iets ingeperk kan word nie en dat Hy met Sy genade en voorsienigheid vir Wapadrant Gemeente finansieel tot hier gedra het. Met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader kan ons weer getuig dat Hy 'n almagtige God is en dat ons uit hierdie getuienis weet dat Hy besig is om Sy Koninkryk op die aarde te vestig. Elke keer wat ons begin twyfel het, was daar een of ander "wonderwerk" (groot skenking of bydraes, of 'n fondsinsamelingsinisiatief wat geseënd was). "PRYS DIE HERE!"

Volgens die Finansiële Werkgroep (FWG) se projeksieberekeninge, behoort ons hierdie jaar dalk met ongeveer R 400 000 surplus af te sluit.

Dankoffer-inligting					
Maand	**Aantal potensiële *bydraepunte**	**Aantal punte met geen beloofde bydrae**	**Aantal punte wat beloof het maar geen bydrae maak nie**	**Aantal punte wat agterstallig is**	**Getroue bydraers**
Augustus 2020	*(1 082) **(1 615)	365 33,73%	92 8,50%	146 13,50%	479 44,27%
Sept 2020	*(1 090) **(1 621)	368 33,76%	92 8,44%	147 13,49%	483 44,32%
Okt 2020	*(1 084) **(1 614)	367 33,86%	85 7,84%	152 14,02%	480 44,28%

* Bydraepunt : Getroude man en vrou = 1 bydraepunt
Belydende lidmaat in dieselfde gesin = bydraepunt
Enkellopende belydende lidmaat = bydraepunt

** Belydende lidmate

Hou asseblief in gedagte dat, vir die gemeente om effektief te kan funksioneer, daar finansiële verpligtinge is wat nagekom moet word. Dit beteken dat finansiële bydraes vanaf die lidmate ontvang moet word waaruit die bedryfsuitgawes gedek kan word. 'n Deel van die bedryfsuitgawes is o.a. ook 'n persentasie van die gemeente se totale inkomstestaat wat aan die Administratiewe Buro te Potchefstroom oorbetaal moet word. Meer volledige inligting oor hierdie ramings kan gesien word by http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html. Daarom maak ons staat op elke lidmaat se dankofferbydraes.

Indien lidmate nie oorbetalings aan die gemeente doen nie, beteken dit die ander lidmate in die gemeente wat wel bydraes maak, "borg" die nie-bydraende lidmate, vir die genoemde uitgawes wat aangegaan moet word. Moet asseblief nie die genoemde finansiële bydraes (wat in kerkterme ook 'n dankoffer *genoem word), in die liefdegawesakkie plaas nie, want die liefdegawes gaan nie vir dieselfde doel nie. (Maak asb gebruik van die dankoffervorm.)*

Maniere van afdra van Dankoffer

- **Direkte inbetaling** op kerk se bankrekening/per internetbank of per aftrekorder by jou eie bank. Bankbesonderhede: Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA rek nr 349 0151 957, takkode 632 005. BAIE BELANGRIK: Naam, van en doel as verwysing. (Behalwe in die geval van 'n anonieme inbetaling.)
- Indien jy anonieme bydraes wil maak, plaas kontant/tjek in `n koevert en sit in liefdegawesakkie of doen 'n elektroniese oorbetaling in kerk se bankrekening.
- **Debietorder:** Reël met kerkkantoor by kantoor@gkwapadrant.co.za of volg hierdie skakel vir vorm http://www.wapadrant.co.za/finansieumllesake.html
- **Nog 'n manier om jou dankoffer/liefdegawe oor te betaal:**

Snapscan – Vir gerieflike en vinnige betaling
Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html vir instruksies

Snap here to pay
SnapScan

Erediensteye en ander inligting

- Van 29 Nov 2020 tot 24 Januarie 2021 vind slegs **een**, gesamentlike erediens om **08:30** plaas.
- Die Kersdageredien vind op 25 Desember om **08:30** in gemengde musiekstyl plaas.
- Kerkkantoor sluit 15 Desember en open 4 Januarie.
- Peet Vermeulen is met verlof van 1 – 11 Desember en 1 – 24 Januarie
- Rassie Smit is met verlof van 14 Desember tot 4 Januarie.
- Jaco Kruger is met verlof van 1 tot 31 Desember.

Chrisante Hospitaalbediening

SAMEROEPER: Véra Tollig 012 997 2678 of 082 6446 741 of tollig@woodlandsnet.co.za

Hoewel die grendeltyd ons daarvan mag weerhou om mekaar te sien, wil ons mekaar steeds ondersteun en veral vir mekaar bid. Die Hospitaaldiensgroep wil jou steeds ondersteun in siekte en hospitalisasie.

Ons ondersteun graag die volgende hospitale en instansies:

PRETORIA-OOS HOSPITAAL: TEL: 012 422 2300

LIFE FAERIE GLEN HOSPITAAL: TEL: 012 369 5600

KLOOF HOSPITAAL: TEL: 012 367 400

WILGERS HOSPITAAL: TEL: 012 807 8100

EUGENE MARAIS, JAKARANDA, MUELMED, LOUIS PASTEUR, MEDFORUM, ZUID-AFRIKAANSE HOSPITAAL

MUELMED, HART & ZUID-AFRIKAANSE HOSPITAAL, JAKARANDA, UROLOGIE

KINDERBEDIENING

ONDERSTEUNINGSDIENSGROEP (PASTORAAL)

SENIORS - TUISBESOEK
KANKERPASIËNTE / ONDERSTEUNING / BESOEKE

BRONBERG AFTREE-OORD - 086 136 4616

ANDER HOSPITALE:
(Oos van N1) en (Wes van N1)

Kontak die kerkkantoor indien jy hospitaal toe gaan vir enige operasie of mediese prosedure

admin@gkwapadrant.co.za | (012) 991 5623

bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika

1820 – 2020

Na sowat 15 jaar se werk deur meer as 170 medewerkers is 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, *Die Bybel: 2020-vertaling* nou beskikbaar.

Op Sondag, 29 November 2020 om 14:30 word 'n spesiale toewydingsgeleentheid in die Kopanong Kerk in Bloemfontein gehou. 'n Aantal vertalers, kerk- en Bybelgenootskapleiers sal onder streng COVID 19-regulasies byeenkom vir hierdie geleentheid. Prof Bernard Combrink, die projekleier, sal die diens waarneem. Die geleentheid sal direk op die Bybelgenootskap se YouTube-kanaal (Bible Society of South Africa) asook op die Facebook-blad, Die Bybel, uitgesaai word.

Daar is in 2006 met die vertaling begin. Die meer as 170 medewerkers het brontaalkenners (Hebreeus, Aramees en Grieks), teoloë, Afrikaanse letterkundiges, taalkundiges en vertaalkundiges ingesluit. Sowat 43 vroue was op een of ander manier deel van die medewerkerspan, heelwat meer as die geval met die 1983-vertaling.

Hierdie vertaling is die vrug van 'n Bybelvertalingsprojek wat aangepak is op versoek van die kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik. Sowat 24 verskillende kerkgenootskappe was op een of ander manier by hierdie vertaling betrokke en dit is werklik histories 'n eerste. Dit is die eerste keer dat feitlik alle kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, by 'n Bybelvertaling in Afrikaans betrokke is.

Die vertaalopdrag was onder andere dat die vertaling 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte, goed verstaanbaar en in goeie Afrikaans wees. "Ons is van mening dat die vertalers daarin geslaag het en dat die baie Afrikaanssprekende gelowiges wat 'n behoefte het aan 'n Bybel wat so na moontlik aan die bronteks, maar steeds goed verstaanbaar is, nou die geleentheid kry om 'n Bybel in Afrikaans te lees en te bestudeer wat hulle in staat stel om so na moontlik aan die leefwêreld van die Bybel te kom," sê ds Dirk Gevers, die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

"Die Bybelgenootskap is ook baie dankbaar dat in hierdie, ons 200ste bestaansjaar, en ten spyte van die moeilike tyd as gevolg van COVID 19, dit tog vir ons moontlik is om hierdie vertaling van die Bybel, die boek van hoop, bekend te stel en om sodoende ook 'n verdere bydrae tot die Afrikaanse taal te kan maak", voeg hy by.

Die Bybel is reeds in die handel of direk by die Bybelgenootskap beskikbaar. Drie weergawes van *Die Bybel: 2020-vertaling* in verskeie bindstyle is beskikbaar – die Bybel, Ou en Nuwe Testament, die Bybel met Deuterokanonieke boeke, asook 'n hoofletter-uitgawe met bepaalde woorde in die Ou Testament in hoofletters gedruk. Laasgenoemde is op versoek van spesifieke kerke voorberei. Besoek gerus www.bybelgenootskap.co.za vir pryse en aanlynbestellings.

Hierdie vertaling van die Afrikaanse Bybel sal ook aanlyn beskikbaar wees by www.biblesa.co.za asook op die BibleSA toepassing.

Kontak:
Lucky Nkhoma
t: 021 910 8752
e: lucky@biblesociety.co.za

Terugvoer aan Wapadrant Gemeentelede: Uitreik & Hulpverlening tydens COVID-19-Pandemie

Soos reeds in Julie 2020 se Maand-Krant gerapporteer, neem Uitreik-, Barmhartigheidbediening en Diakonie hande t.o.v hulpverlening tydens die COVID-19-Pandemie gedurende 2020.
Hiermee verslaggewing vanaf **begin Junie tot einde Oktober 2020:**

1. Uitreikbediening

A.g.v die COVID-19-pandemie, begin Wapadrant Gemeente se uitreikprojek, SunRise Road NPC, in April 2020 nog 'n nuwe projek om mense in die gemeente en gemeenskap te ondersteun, naamlik SCDP, wat van Junie tot Oktober (soos in April en Mei) voortgaan met ondersteuning soos benodig:

a. SUNRISE COMMUNITY DEVELOPMENT PROGRAMME (SCDP)
Tydens hierdie periode word daar hande gevat met ander instansies soos **Interrobang Church, SA CARE, Gereformeerde Gemeente Cullinan, Dynamic Women For Children (DWFC) Kameelfontein, Rainbow Church** en **ISF (Informal Settlement Forum).**

* Verskeie aksies word in die tyd geloods en **kos, klere, toiletware, eetgerei, Bybels en skoonmaakmiddels** asook finansiële donasies word ingesamel en versprei.
* Die kos, skoonmaakmiddels en toiletwarepakkies word **Dinsdae en Donderdae (tussen 09:00 – 12:00)** op die Kerkterrein afgelewer en verpak en **Woensdae geneem na Cullinan (25 - 30 gesinne**) en **Vrydae** afgelewer by **Kameelfontein (50 gesinne)**.
* **ISF se "Fooddrive"** by Cemetary View vind ook plaas op Dinsdae.
* SCDP voorsien kospakkies aan ISF vir die **hele Junie-maand** vanuit SCDP donasies; elke pakkie bevat 7 items, waarvan SCDP twee (2) items per week skenk aan ISF.
* Die **Jeug van Wapadrant deel eetgerei uit** aan die kinders van Cementary View aan die **einde van Junie 2020**.
* Dit is baie moeilik om 'n randwaarde aan die klere te koppel wat vanuit die **Klerebank** al aan **6 instansies & individue** oorhandig is.
* Kosnood word weer in **September 2020 by Kameelfontein** ervaar en al 50 gesinne ontvang weer voorrade vanaf SCDP.

ITEMS	CULLINAN	DWFC	ISF	ANDER	TOTAAL
KOS SKOONMAAKMIDDELS TOILETWARE	22 - 30 Gesinne (R27 000)	50 Gesinne (R15 438)	750 Gesinne (R43 000)		R 85 438
KLERE	Vanuit Klerebank	Vanuit Klerebank		Vanuit Klerebank	Bedrag onbepaalbaar
VAARDIGHEDE-OPLEIDING	Geref Kerk Cullinan Diakonie		Deur vrywilligers 1 x per week		Vrywilligers
BYBELVERSPREIDING – 225 Bybels – sien punt 4.	25 Bybels		200 Bybels		R 20 250
TOTAAL					**R 105 688**

b. SUNRISE TRAUMA-ONDERSTEUNINGSENTRUM

Gedurende Junie - Augustus 2020 word 30 kliënte deur die SunRise Traumasentrum gesien t.o.v. trauma-ondersteuning. Met die heropening van die Traumasentrum op Vlak 1 van die inperking, by Garsfontein Polisiestasie, verloor die sentrum ongelukkig 12 vrywilligers, wat nuwe werke moes aanvaar, hulle eie praktyke begin het tydens die inperking of wat moes verhuis.

Gedurende **September tot middel Oktober 2020 word 127 kliënte** ondersteun.

c. SUNRISE NASKOOL

Steeds het die Uitreikkantoor d.m.v. Daleen de Villiers, SunRise se Naskoolhoof, weekliks in verbinding met al die ouers van die SunRise Naskool se kinders gebly t.o.v. kos, klere en skoolwerk vir die leerders. **Die Naskool heropen weer vir die kinders op 18 Augustus 2020 onder streng COVID-regulasies.** In Junie en Julie (soos in April & Mei) word daar steeds koshulp aan hierdie gesinne voorsien via Barmhartigheid vanuit die Pakhuis (bedrae hier-onder ingesluit by die Pakhuis se getalle):

* **Junie –** 4 Gesinne: 11 volwassenes & 9 kinders**.**
* **Julie –** 4 Gesinne: 11 volwassenes & 9 kinders.



2. Barmhartigheidsbediening

Hulpverlening aan gemeentelede en mense vanuit die gemeenskap d.m.v. die gemeente se COVID-19-Fonds & Die Pakhuis:

Finansiële hulp: Binne die gemeente					
	Junie	Julie	Aug	Sept	Okt
Aantal Lidmate	15	15	12	14	14
Waarde	80761.08	79211.08	72251.08	83651.08	80401.08
Pakhuishulp: Binne die gemeente					
Aantal Lidmate	15	14	14	11	11
Waarde	20895.82	19288.00	19345.96	13578.89	17429.26
Totale R-waarde: Binne	**101656.90**	**98499.08**	**91597.04**	**97229.97**	**97830.34**
Begroting: Binne	**87500.00**	**87500.00**	**87500.00**	**87500.00**	**87500.00**
Finansiële hulp: Buite gemeente - Persone					
Aantal Persone	2	2	2	2	1
Waarde	5515.00	5515.00	5515.00	5515.00	3000
Pakhuishulp: Buite gemeente - Persone					
Aantal Persone	2	0	0	0	0
Waarde	3173.96				
Finansiële hulp: Buite gemeente - Instansies					
Aantal Instansies	3	3	4	3	4
Waarde	8200.92	8707.78	9977.47	8367.84	58695.6
Pakhuishulp: Buite gemeente - Instansies					
Aantal Instansies	0	0	0	0	0
Waarde	0	0	0	0	0
Totale waarde: Buite	**16889.88**	**14222.78**	**15492.47**	**13882.84**	**61695.60**
Begroting: Buite	**25000.00**	**25000.00**	**25000.00**	**25000.00**	**25000.00**
GROOT TOTAAL	**118456.78**	**112721.86**	**107089.51**	**111112.81**	**159525.94**
BEGROTING	**112500.00**	**112500.00**	**112500.00**	**112500.00**	**112500.00**
SURPLUS/TEKORT	**(6046.78)**	**(221.86)**	**5410.49**	**1387.19**	**(47025.94)**

>>

Kuratorerapport

Rapport aan kerke vanuit die vergadering gehou in November 2020 deur die Kuratore van die Teologiese skool van die NWU

1 AGTERGROND

2020 is 'n vreemde jaar ... 'n jaar waarin siekte, swaarkry en dood voorop in ons gedagtes en 'n werklikheid in ons lewe is. As mense is ons opnuut bewus van ons nietigheid en afhanklike lewe in die hand van die Here.
Met die Kuratore se vergadering op 10 November 2020 het ons in die klein kring van die professore en kuratore van die Teologiese Skool, in besonder die broosheid van ons as mense, maar ook ons Here se genadige sorg beleef:

- Ds. Paul Modise en ds. Abel Modise het gedurende 2020 van COVID-19 herstel.
- Prof. Lekgetho Moretsi is besig om te herstel nadat hy weens COVID-19 gehospitaliseer is.
- Ds. Sipho Phungula se seun is in September 2020 ontvoer en vermoor.
- Ds. Abri Pelser se pa, ds. Abie Pelser – wat vir jare self 'n kurator was – is op 6 November 2020 oorlede.

Juis daarom is ons die Here dankbaar vir Sy Woord vol genade en lewe waarin Hy beklemtoon dat Hy die Here is wat in 'n hoop dor en droë mensebene lewe kan bring, ware lewe deur sy Gees (Esegiël 37:1-14). Wanneer ons as mense wil vaskyk in die hoop-lose, tel Hy ons geloofsoë op om Hom te sien vir Wie Hy is: *Die Here wat lewe is en lewe gee!*

2 PERSONEEL BY TEOLOGIESE SKOOL

Die kuratore het verslag ontvang van al die werksaamhede van die teologiese professore asook die administratiewe personeel. Die krag wat die Here in al ons broers en susters gee om hul dienswerk te kan doen, ook te midde van die uitdagende COVID-19-omgewing, maak die kuratore diep dankbaar teenoor die Here.

Tydens die vergadering het die aansoek van prof. Gert Breed gedien om te emeriteer. Die kuratore het besluit om om aan prof G Breed sy emeritaat op 31 Desember 2020 te verleen. Die kuratore dank die Here dat Hy prof. Gert in staat gestel het om ongeveer tien jaar by die TSP te dien, waarvan hy vyf jaar ook as rektor gedien het. Daarmee saam roep die kuratore ook die Here se werk deur prof. Breed in die jare wat hy in verskillende gemeentes gedien het, in herinnering.

Soos ons professore ouer word en emeriteer, word die werkslas van die oorblywende professore groter. Na die emeritering van prof. Gert Breed gaan daar 12 beroepe professore wees, met die GKSA wat vir 4½ professore se versorging verantwoordelik is. Die ekonomiese realiteite van ons tyd asook die veranderende situasie in die verhoudinge met die NWU maak die werkslas van die professore steeds groter. Daarom is die kuratore besig om te kyk hoe die situasie in die toekoms hanteer kan word.

3 STUDENTE BY TEOLOGIESE SKOOL

Die kuratore het die voorreg gehad om te sien hoe die Here se vormende werk in die lewe van die Teologiese Studente gedurende 2020 na vore gekom het. Die 32 eerste- tot derde-jaarstudente is nog besig – binne die aangepaste NWU-opset as gevolg van COVID-19 – om hul akademiese jaar af te handel. By die 20 vierde- en vyfde-jaarstudente kon die kuratore hul uitslae hanteer. By die meeste studente kon ons met dankbaarheid sien dat hulle voldoende deur die loop van 2020 gevorder het.

Al vyf die sesde-jaarstudente het hul studies suksesvol afgehandel. Ook het hulle hul preke wat hulle aan die kuratore voorgelê het, geslaag. Daarom is ons die Here dankbaar dat *Riaan Andersen, Jandré Coetsee, David Letebele, Jaco Linde en Izak van der Westhuizen* op Dinsdag 10 November hul Kandidaatsertifikaat ontvang het waarmee hulle by die Streeksinodes kan aanmeld. Ons vertrou dat die Here hulle verder sal lei in die proses om diensbaar te word in die verkondiging van die goeie nuus van ons Here Jesus Christus!

4 VERHOUDING MET DIE NWU

Die verhouding tussen die GKSA en Noordwes Universiteit (NWU) bly voortdurend deel van die agenda van die kuratore. Die Vise-Kanselier van die NWU, prof. Dan Kgwadi, het 'n groeteboodskap aan die Kuratore gestuur waarin hy die historiese band tussen die GKSA en die NWU beklemtoon het. Daarmee saam het hy aangedui dat die NWU daartoe verbind is om konstruktiewe betrekkinge met die GKSA te handhaaf en daarna uitsien om die verhouding met die GKSA verder te ontwikkel.

5 EN NOU ...

Gedurende die Julie-2020 vergadering het die kuratore mekaar, ons professore en studente en al ons broers en susters wat deel is van die GKSA aan die woorde van ons Here in Jesaja 43 herinner ... in besonder dat Hy by ons is ... ongeag van hoe stormagtig die lewe is.

Aan die einde van 2020 kan ons terugkyk en dankbaar erken dat ons Here getrou is aan sy Woord. Hy het die Teologiese Skool Potchefstroom, die personeel en studente, in Sy liefdeshande vasgehou. Ons bly in die woorde van 1 Petrus bely - in besonder saam met almal wat betrokke is by die GKSA se teologiese opleiding, maar ook met elke kind van ons Here in die GKSA en in Suid-Afrika:



God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan Sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.

U broers in Christus
Malan van Rhyn
Pieter Kurpershoek

(vervolg van bl.7)

3. Diakonie

Klerebank - die Diakonie loods 'n klerebank-projek onder leiding van Thea Heckroodt en Ilda van der Merwe in middel Mei 2020 gedurende vlak 5 van die COVID-19-inperking. Thea, haar kleingroeplede en nog 'n paar vrywilligers vanuit die gemeente werk onverpoos tot einde Oktober weekliks aan die berg klere en skoene wat deur gemeentelede geskenk word, om te verseker dat die klere wat ingestroom het geklas, herstel en skoongemaak is vir verspreiding. So bereik ons sakke met klere, individue en groepe mense, sover as Cullinan, Babsfontein, Hercules, Kameelfontein, Kameeldrif, Interrobang, Helpende Hand, Pretoria-Wes, East Lynne, die Moot, die babahuis in die Wilgers, Paul Kruger Kinderhuis, kinders van die Rainbow Mission, ons eie naskoolsentrum, die van Annalie Jood in Eersterus, Lig Kinderbediening en nog meer. In Oktober lewer ons die laaste sakke met klere, vir 2020, aan 'n verspreidingspunt vir behoeftiges in East Lynne. Die projek hervat weer in 2021.

Indien u enige verdere inligting benodig of 'n bydrae wil maak, kontak my gerus.

Anlia du Plessis - Wapadrant Gemeente - Uitreikkoördineerder
082 47 630 47 / uitreik@gkwapadrant.co.za

Gemeentevisie 2021

2020 was net so onplesierig soos om 'n pap rugbybal te skop: hoe harder jy probeer skop, hoe seerder word jou voet, maar die bal trek niks verder nie! Dit het gevoel asof die jaar nie uit sy slaap wou wakker word nie. Baie mense is deur moeilike tye en talle sukkel steeds om weer op dreef te kom. Selfs die kerk het gesukkel om momentum te kry en dit was al of ons heel jaar in eerste rat gery het.
Alhoewel 'n klomp sake stof opgegaar het, het die Here 2020 wel gebruik om ons diep te laat bid en dink oor die visie vir ons gemeente. 2020 is deur die Gees gebruik sodat ons weer ons roeping kon ontdek om dit nuut blink te vryf.

Die genade van 2020:

Die Here het die predikante van ons gemeente weer kans gegun om in eenheid mekaar te vind. God het ons gelei om weekliks saam te bid en saam met die Heilige Gees te besin oor die toekoms en roeping van ons gemeente. In ons saamwees voor die Here het ons rigting gekry soos wat die Here ons geleer het hoe om al meer prakties te dink oor die sigbaarmaking van Sy Koninkryk. As predikante van die gemeente is ons saam opgewonde oor die Here se plan vir ons gemeente.
Ons het die plan aan die Strategiese Werkgroep voorgelê en hulle het dit ook met opgewondenheid aanvaar. Die kerkraad het ook in eenheid besluit dat hierdie visie pas by die roeping wat ons as kerk het en dat hulle graag saam wil werk om dit verder 'n werklikheid te maak. Ons kan duidelik sien hoe God besig is om Sy liggaam te bou!

Nou ja, wat is die visie wil julle seker weet?

"**Stadbouers**": die Koninkryk van God is soos 'n stad wat mens bou waar die wil van God heers en die burgers van die stad leef, bou en regeer tot eer van ons Koning Jesus. Die burgers van die stad (ons) moet dus deur die leiding van die Koning nuwe dinge tot stand bring en ook gebreekte strukture herstel.
Mense kort hoop omdat ons in chaos leef en as burgers van God se stad is dit ons werk as kerk om strukture te skep wat hoop bring vir die gemeenskappe waarin ons leef. Ons moet weer herstel daar waar strukture plat geval het en deur die krag van God nuwe geleenthede skep tot 'n gesonde samelewing.

Dis tyd dat ons weer besef ons is hier om te bou. Ons is hier om te oorwin deur die oorwinning van Jesus, ons Koning.

Hoe gaan ons dit regkry?

1. Gebed:

As ons God se stad wil bou moet ons meer tyd spandeer om te hoor hoe ons dit moet doen. As predikante bid ons nou weekliks saam en ons nooi almal in die gemeente om persoonlik, in kleingroepe en ander geleenthede saam te bid dat die Here ons sal help om prakties Sy stad sigbaar te maak.
As kerkraad het ons besluit dat ons oor elke saak op die agenda wil bid om seker te maak ons volg die Here se leiding in elke besluit. Ons gaan vooraf elke punt ondersoek en uit die Skrif leiding kry sodat die Here se wil sal geskied en ons Sy stad sal bou en nie ons eie nie.

2. Ons moet bou waar die mure stukkend is:

Ons het besef dat talle sake aandag kort in ons gemeente en gemeenskappe rondom ons gemeente.

2.1 Gebroke samelewing:

Daar is baie mense wat stukkend is agv woede, hopeloosheid, gebroke gesinne en rassespanning. As gemeente gaan ons daarop moet fokus om hierdie sake aan te spreek sodat ons as gemeente 'n gesin kan wees waar stukkende mense liefde en genesing kan vind.

2.2 Ekonomie:

Talle mense het verliese gely gedurende die Covid-tyd. As gemeente moet ons modelle skep sodat mense weer ekonomies aan die gang kan kom om ook ekonomies vooruit te gaan. Die besigheidsmense van ons gemeente sal moet saamdink oor geleenthede en kreatiewe modelle hiervoor.

2.3 Mediese versorging:

Mediese versorging is baie duur en as stadbouers moet ons besin daaroor om strukture te skep wat mense meer bekostigbaar kan help. Ons het 'n kerkterrein wat baie moontlikhede bied.

2.4 Onderwys:

Om 'n hoopvolle toekoms vir die mense van ons land te skep sal ons as stadbouers, gelei deur die Gees, strukture moet skep om te help waar talle groot agterstand beleef.

Hierdie is sake waarmee ons wil wegspring om waarlik 'n impak te maak en praktiese oplossings te bied as burgers van God se Koninkrykstad.

Ons het reeds 'n paar gedagtes en modelle bespreek, maar ons glo daar is nog baie kreatiewe koninkryksidees.

Ons sien uit na 2021!

Hierdie "stadbouers"-visie kan natuurlik net werk as ons as geloofsgemeenskap saam gaan bou. Daar is baie kundigheid en ervaring in die gemeente en ons gaan elkeen nodig hê. As die Here wil, wil ons hierdie projek in Februarie 2021 loods en dan in meer detail vir almal verduidelik.

Ons wil graag kundigheidsgroepe skep waar mense met gedeelde belange saam dink en beplan oor praktiese oplossings vir spesifieke uitdagings wat ons beleef.

Begin solank saam droom en dink waarby jy wil inskakel, dalk het jy 'n praktiese plan. Kry die troffel, sement en stene solank reg. Hier kom verandering, want die Gees van die Koning verander ons!

~ Sloet

Legkaarte

Gert-Jan Vahrmeijer is woonagtig in die Pretoria-Oos Aftree-Oord en is besig om 'n legkaartbiblioteek saam te stel vir die uitsluitlike gebruik deur die inwoners.

Indien jy legkaarte het wat jy nie meer benodig, kan dit nou goed gebruik word vir hierdie doel.

Bring asseblief kerk toe en plaas dit in saal by die bruinkas.

SINODALE DEPUTATE: BYBEL
van die
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

bybelgenootskap van suid-afrika

Anemoonweg 8, Glen Marais | Posbus 2002, Kempton Park, 1620 | dekker@biblesociety.co.za | Tel: 011 970-4010 | Faks: 011 970-2506
Maatskappy sonder winsoogmerk | maatskappy registrasieno 2008/007505/08

Oktober 2020

Die Voorsitter
Die Kerkraad

IS Bybelverspreiding

Psalm 96
2 Sing tot eer van die Here, prys sy Naam,
verkondig elke dag sy reddingsdade!
3 ***Vertel die nasies van sy mag,***
al die volke van sy magtige dade.

Ter inligting aan die vergadering die volgende algemene nuuswaardighede, maar veral nuus oor vertalingsprojekte, asook die feit dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) hierdie jaar reeds vir 200-jaar besig is met Bybelwerk **"onder al die nasies"** in SA.

1. **Covid-19-pandemie** - Ons het kennis geneem van die baie swaar wat ervaar word by ons kerke aangesien daar nie voortgegaan kon word met eredienste nie! Daar moes noodgedwonge dmv die Internet uitsendings bedien word om die Blye Boodskap by lidmate uit te kry. Byeenkomste van die gelowiges was dus onmoontlik en so ook die ander uitdagings wat daarmee gepaard gegaan het.

Die Bybelgenootskap van SA (Bybelverspreiding) het natuurlik die ervaring so beleef dat, aangesien gemeentes nie bymekaar gekom het nie, bydraes vir Bybelverspreiding in 'n groot mate agterweë gebly het. Dit het natuurlik eerstens 'n direkte impak op die werk van die kerk naamlik om God se Woord te versprei en tweedens ook op die Bybelwerk van die BSA. Natuurlik is die uitdaging om te oorleef en in Sy diens te bly staan vir die volgende 200 jaar. 'n Saak van gebed en vertroue en vra ons u dat u die BSA ook in u gebede sal opdra!

2. Ons **200ste jaar is 'n dankbaarheid-jaar** te midde van 'n virus wat alles tot stilstand gedwing het. Planne vir feesvieringe, veral deur ons gemeentes, is in 'n groot mate in die wiele gery en tog kon ons gedurende die fees-naweek van 22 en 23 Augustus sien hoedat Christene wat die Bybel hoog ag, saam feesgevier het. Die geleenthede was of virtueel soos die "Stap en Hardloop vir HOOP", terwyl ander deurry- en verbyry-geleenthede by ons Bybelhuise was. Daar was ook baie belangstelling van die media; baie onderhoude en gesprekke op radio, televisie en die sosiale media. Baie dankie vir die van u wat ons aangemoedig het deurdat u deelgeneem het op een of ander wyse.

3. **2 Miljoen Bybels-projek** - Uit dankbaarheid vir 200 jaar van genade en seën is ons midde in 'n spesiale poging om met u hulp, Bybelarmoede 'n nekslag toe te dien; ons gaan 2M Bybels in die hande plaas van hulle wat dit broodnodig het! Die poging het ook in 'n groot mate verlangsaam maar ons glo en hoop dat dit vlerke sal kry met u hulp in die komende maande.

4. Ons beplanning was ook om **3 nuwe vertalings** as deel van die feesjaar die lig te laat sien en om ook so ons dankbaarheid teenoor die Vader te bewys:

- **The English Bible for the Deaf (EBD)**

Die EBD het reeds aan die einde van 2019 verskyn. Die Bybel wat ten doel het om Suid-Afrikaanse Dowes te bedien is met groot dankbaarheid ontvang deur daardie gemeenskap.

NOTA: *Die Bybel met sy vereenvoudigde grammatika en kleiner woordeskat maak die Vertaling natuurlik ideaal vir tweede- en derdetaal-sprekers.*

- **IsisZulu nuwe vertaling**

Die vertaling is voltooi en reeds in produksie en ons vertrou dat die Bybels betyds sal wees vir die bekendstelling in Oktober 2020. Ons verneem dat die Klassis in KZN bepaalde beplanning het om die vertaling in groot getalle te versprei.

- **Die Bybel 2020-vertaling**

Die "Bybel Direkte Vertaling" soos wat hy bekend was gedurende die vertalings-periode, heet eenvoudig: "**Die Bybel 2020-vertaling"**. Die vertaling is ook vroeër in die jaar voltooi en aan die Bybelgenootskap oorhandig vir finale verwerking en produksie. Die datum van 29 November 2020 is steeds DV die mikpunt en ons vertrou dat die Bybelbesending betyds gereed sal wees. U voorbidding vir hierdie saak is ook belangrik.

Inligting oor die Bybel soos Formate, voorafbestellings, beskikbaarheid en pryse sal binnekort aan elke gemeente deurgegee word.

NOTA: **Sondag 29 November - Fees-Sondag DV die bekendstelling van "Die Bybel 2020-vertaling"**

Die Bybelgenootskap sal tydens spesiale virtuele seremonies in al die groot sentra die Bybel bekendstel waartydens die vertalers teenwoordig sal wees waar moontlik. Ons sal later die besonderhede deurgee sodat u saam kan kuier en feesvier.

Behalwe die BSA se seremonies wil ons die GKSA aanmoedig om met groot entoesiasme op die Sondag die Bybel 2020-vertaling simbolies in "ontvangs" te neem en dank en eer te bring aan ons Vader wat dit moontlik gemaak het. Ons dink met dank ook aan die span van meer as 100 mense wat gewerk het om die vertaling na meer as 'n dekade van harde werk gereed te kry.

NOTA: **VIRTUELE KONFERENSIE OOR "DIE BYBEL: 2020-VERTALING. I**n hierdie reeks bespreek lede van die vertaalspan, onder leiding van prof Bernard Combrink, die uitdagings en interessanthede rondom hierdie vertaling.

5. Laastens ons dank aan die gemeentes wat, ten spyte van moeilike tye, nie hulle vennoot in die verspreiding van God se woord uit die oog verloor het nie. Dit is juis in die tyd wat ons vra dat u vir die Bybelgenootskap sal bid en sal ondersteun om die "wa deur die drif te trek".

Vir die BSA is sy visie om steeds " 'n Bybel vir elkeen" te voorsien die belangrikste taak en ander sake van minder belang. So het die BSA reeds maatreëls in plek gesit om die beskikbare fondse met groot oorsig aan te wend en reeds sedert Julie salarisse ingekort om so te wys dat ons ernstig is met die roeping van die BSA.

Ons bid terselfdertyd ook vir die gemeentes van die GKSA in hulle nood en hou vas aan die belofte dat die Here sy Kerk nooit in die steek laat nie!

NOTA: *Op Dinsdae het die BSA 'n gereelde gebedsgeleentheid waarin ons vir die ander Bybelgenootskappe in die wêreld bid asook vir ons Kerke, ons land en sy mense. Beleef dit gerus saam met ons op my Bybelgenootskap-kanaal .*

Kontak my gerus vir enige navrae t.o.v. Bybelverspreiding by
(011) 970-4010 of dekker@biblesociety.co.za .

Vanaf die Kerkraad se tafel…

Die Kerkraad (KR) het op **Woensdag 25 Nov. 2020** 'n vergadering gehou. Hier volg nou 'n opsoming van enkele van die sake wat daar bespreek was, waarvan die lidmate solank bewus gemaak kan word:

Sake wat die Kerkraad (KR) hanteer het waaroor daar nou gekommunikeer kan word:

1) **Stand van die finansies in 2020 en die begroting vir 2021:**
Soos elders in hierdie Maandkrant gesien kan word, is hierdie gemeente in 2020 baie geseënd wat finansies betref en kan die KR weer bevestig hoe wonderbaarlik die Here vir ons gesorg het in 'n tyd wat dit met die res van die land swaar gegaan het. Daarom doen die KR ook 'n beroep op alle lidmate om in hulle gebede die Here te loof en prys vir hierdie wonderwerk wat Hy voor ons oë laat gebeur het. WPR kon hierdie genade van ons Here uitdra en was betrokke by heelwat uitreikprojekte / -aksies na die gemeenskap om ook so te kon uitdeel en bystand te lewer. Dit lyk op hierdie stadium of ons 2020 met 'n bedryfsurplus sal kan afsluit (kyk bl. 2).

Die KR het die begroting vir 2021 ook goedgekeur en hier volg 'n baie kort opsomming daarvan:
Daar is begroot (in vertroue), vir 'n **Totale Inkomste** van R 11 039 836 en 'n **Bedryfsuitgawebegroting** van R 11 503 932. Dit laat ons met 'n **Bedryfstekort** van R 464 096. Meer volledige inligting oor die begroting sal vroeg in 2021 deur die voorsitter van die FWG (Alwyn Röhrs) aan die gemeente oorgedra word (datum sal nog bepaal word).

2) **Klassis Spesiale Visitasie by WPR vroeg in 2021:**
By die onlangse Klassisvergadering is 'n besluit geneem om weer 'n spesiale visitasie by ons gemeente te hou, rakende ons besluit om vroue-ouderlinge aan te wys. Die twee visitatore wat aangewys is, is ds. Wikus van der Vyver (GK Silverton) en ds. Dirk Kotzee (GK Alkantrant). Die voorlopige datums hiervoor, deur die KR bepaal, is 10 Februarie 2021 of 17 Maart 2021.

3) **KR-voorsitter vir 2021:**
Die KR het weer vir dr. Peet Vermeulen aangewys as die KR-voorsitter vir 2021. (Wanneer hy op verlof is sal dr. Rassie Smit vir hom instaan.)

4) **Dr. Peet Vermeulen neem langverlof in 2021.**
Soos wat die predikante se verlofbeleid bepaal, kan hulle vir elke 5 jaar diens in WPR kwalifiseer vir langverlof. ('n Afwisselende siklus van een maand verlof na die eerste 5 jaar diens en dan na nog 5 jaar, drie maande langverlof.) Dr. Peet Vermeulen het aansoek gedoen om 3 maande langverlof te neem in 2021, omrede hy daarvoor kwalifiseer en hy alreeds 15 jaar diens gedoen het by WPR, wat die KR so goedgekeur het. Afhangende van Peet se beplanning daarmee, gaan hy dit moontlik in die 2 de helfte van 2021 neem.

5) **Predikante gee terugvoer oor die 2021-fokusjaarbeplanning.**
Daar is heelwat planne in die pyplyn vir volgende jaar se fokusjaar waaroor die predikante aan die KR terugvoer gegee het. Dit het onlangs die tema gekry van **"Stadsbouers"** (die Koninkryk van God is soos 'n stad wat mens bou, waar die wil van God heers en die burgers van die stad leef, bou en regeer tot eer van ons Koning Jesus). Raak saam met die KR opgewonde hieroor en lees die berig vanaf die predikante hieroor, elders in hierdie Maand-krant onder die opskrif "Gemeentevisie 2021" (kyk bl .10).

6) **Nominasies vir nuwe ouderlinge en diakens:**
Indien julle 'n medelidmaat wil nomineer om as 'n leier op te tree in WPR-gemeente, kan julle die name deurgee aan Gawie Jooste by die kerkkantoor. Stuur dit per e-pos na gawie@gkwapadrant.co.za.

Jehova Rohi

Die Here is my herder,
Ek kom niks kort nie.
~ Psalm 23:1 ~

God is ‘n God van genade en barmhartigheid,
Hy is getrou en regverdig.

Hy sal ons altyd beskerm en na veiligheid lei.

Hy hou die vyand van ons af weg met Sy stok,
en met Sy staf lei Hy ons op paaie van geregtigheid.

Hoe heerlik om te weet Hy sorg vir ons,
het ons lief
en voorsien altyd vir ons.

(Uit: My klein boekie oor God - Christian art gifts)

Bydraes vir Bybelverspreiding



GEREFORMEERDE KERKE - BYDRAEVERSLAG / *REFORMED CHURCH - CONTRIBUTIONS*

ONTVANGSTES / RECEIPTS : 01/01/2020 - 30/06/2020

KLASSIS / *CLASSIS*: OOSTELIKE PRETORIA J14 103 00

GEMEENTE / *CONGREGATION*	LIDMATE-TAL *MEMBERS*	GEMEENTE *CONGREGATION*	GEMIDDELD *AVERAGE*	SUSTERS *SISTERS*	JEUG *YOUTH*	KATEGESE *C/CLASSES*	INDIVIDUE *INDIVIDUALS*	TOTAAL *TOTAL*	GEMIDDELD *AVERAGE*
Pretoria-Brooklyn	565	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00
Derdepoort	159	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00
Mamelodi-West	70	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00
Silverton	150	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	1 320,00	1 320,00	8,80
Waterkloofrand	324	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00
Cullinan	79	650,00	8,23	0,00	0,00	0,00	0,00	650,00	8,23
Meyerspark	291	4 156,00	14,28	0,00	0,00	0,00	1 120,00	5 276,00	18,13
Pretoria-Alkantrant	352	7 400,00	21,02	0,00	0,00	0,00	0,00	7 400,00	21,02
Wapadrant	1676	13 533,12	8,07	0,00	0,00	0,00	1 900,00	15 433,12	9,21
Eersterust	45	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00
New Life City Church	0	0,00	#DIV/0!	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	#DIV/0!
TOTAAL / *TOTAL*	1990	12 206,00	6,13	0,00	0,00	0,00	2 440,00	14 646,00	7,36

Diakonie ingesluit
Deaconry included

Hennie Dekker
SKAKELDEPUTAAT: BYBELVERSPREIDING
LIAISON DEPUTY: BIBLE DISTRIBUTION
HD/fvv

Wat is Advent?

Met Kersfees vier en verkondig ons dat die Woord vlees geword en onder ons kom woon het (Joh 1:14). Advent is nie dieselfde as Kersfees nie, maar is 'n tyd van afwagting en voorbereiding op die koms van Christus. Die woord Advent beteken ook letterlik koms. As Christene vier ons nie die Adventstyd asof Christus nog nie gebore is nie; ons vier dit met die wete dat Christus gekruisig is en opgestaan het. Tog ervaar, vier en verkondig ons in dié tyd iets van die hoop waarmee Israel in donker tye op die koms van die Messias gewag het.

Advent is dus 'n tyd vir terugkyk na Israel se Messiasverwagting én 'n vooruitkyk na die wederkoms as finale triomf van Christus oor die magte van sonde en dood, wat met die gebeure van Paassondag 'n werklikheid geword het. Advent dra dus die betekenis van swangerskap en afwagting. Ons verlang na die koms van die Seun. Terwyl om te wag geassosieer word met 'n vermorsing van tyd in ons gejaagde, moderne samelewing, wil Advent ons leer om geduldig te wag op die Here. Om te wag word 'n kuns wat beoefen moet word!

Wanneer vier ons Advent?

Daar is vier Adventsondae voor Kersfees, waartydens ons vanuit verskillende perspektiewe ons op die herdenking van Christus se koms voorberei. Advent strek dus gewoonlik oor so 'n bietjie meer as vier weke. Die liturgiese jaar (ook genoem kerklike jaar) begin met die eerste Sondag van Advent – vanjaar 29 November. In Suid-Afrika gaan die betekenis van Advent maklik verlore tussen al die afsluitingsfunksies, gejaag na vakansies, en voorbereidings vir die feestyd. Tog bied Adventstyd ons die geleentheid om afstand te kry van die haastige kommersialisme voor Kersfees en ons voor te berei op die wonder en misterie van Christus se menswording.

Waar kom die tradisie van Advent vandaan?

Reeds so vroeg as die vierde eeu n.C. is daar in Spanje en Frankryk begin met liturgieë wat dui op die voorbereiding vir Kersfees. In die sesde eeu is soortgelyke liturgieë ook in Rome in gebruik geneem. Pous Gregorius die Grote het die lengte van Advent op vier weke vasgestel. Die tema van die Tweede Koms van Christus was altyd dominant in hierdie seisoen van die kerkjaar. Tot so laat as die twaalfde eeu is dit beskou as 'n tyd waarin wit klere gedra is en die Gloria in Excelsis gesing is.

Simbole en gebruike in Advent

Simbole en gebruike mag nooit vir Christene 'n bo-natuurlike karakter aanneem, sodat ons dit uit bygelowigheid onderhou nie. Maar wanneer ons dit reg gebruik, druk ons daarmee uit dat die Here se nabyheid, en ons toewyding aan Hom vir ons 'n werklikheid is. Van die bekendste gebruike tydens Advent is die aansteek van kerse tydens die opeenvolgende Adventsondae, die Adventskalender, en natuurlik die gebruik van die kersboom. Sedert die sestiende eeu is purper die gebruiklike kleur vir Advent in die Westerse kerk. In die antieke wêreld was purper die koninklike kleur omdat net die koninklikes dié kleurstof kon bekostig. Die kleure in Advent moet ons herinner aan die koms van die Koning.

~Jaco Kruger

Liewe Jan Kriel Vriend

In hierdie jaar, met soveel slegte nuus, deel ek graag die Ferreira-gesin se storie van Hoop met julle.



November 2020

Ek onthou die dag in Graad 3 waarop my hart vir, en saam met my kind, in stukke gebreek het. Deur trane het hy gesê: **"Mamma, ek wil nie meer leef nie. Hulle spot my altyd. Hulle noem my aanmekaar 'Dom Dominic'".** *Dit is die dag waarop ek besef het dat my moederliefde en selfs my kundigheid (ek is 'n onderwyseres) nie genoeg is nie.*

My spontane, uitbundige kind – 'n natuurlike "klein performertjie" – het al stiller en meer depressief geword. Dominic, wat reeds 'n skooljaar moes herhaal, glo wat ander vir hom sê. Hy is besig om emosioneel te vergaan. Sy vlammetjie word uitgedoof … en ek is magteloos om dit te stop.

En toe kry hy – na baie moeite – plek in Jan Krielskool. Wat een mens nie kan doen nie, gebeur binne die konteks en kultuur van hierdie uitsonderlike skool vir spesiale kinders.

Binne 'n kwessie van een kwartaal is daar tekens van sy ou self. Hy het nuwe maats gemaak, en is weer emosioneel gebalanseerd. Akademies vorder hy fluks.

Juf Marina Conradie kom in sy lewe. Sy was die "game changer". Sy skryf hom in vir sy eerste Eisteddfod. Hy tree op saam met kinders van al die hoofstroomskole …

en Dominic verwerf Lof! Dit vuur hom aan. Die volgende jaar eindig hy derde in sy kategorie!

"Ek het my kind in al sy aspekte teruggekry.
Sy liggie skyn weer helder – vir almal om te sien!"

Maar 'n ma bly 'n ma …

Jan Kriel Instituut
Oor 'n Kind 'n Kans!
www.jankriel.org.za | instituut@jankriel.co.za

en ’n mens bly wonder of dit gaan hou …

Toe tref **2020** die Ferreira-gesin. Dominic se geliefde ouma sterf (in Februarie). Die skool sluit weens die pandemie (in Maart). Nog 'n familielid sterf (in April) … en Marleze, Dominic se ma, word skielik dodelik siek. Sy toets positief vir Covid-19. Vir 3 weke hou asemhalingsmasjiene haar aan die lewe. Tog, deur dit alles, staan Dominic sterk.

“Moenie worry nie mamma, I've got this!”

Met groot dankbaarheid weet ek my kind het sterker as ooit geword. Die onderwysers en terapeute van Jan Kriel het ’n reuse verskil gemaak. Hulle het hom op soveel maniere ondersteun. **Sy karakter is gebou.** *Hy is meer selfversekerd en onafhanklik.*

Ek steek graag 4 liggies aan by vanjaar se Liggieboom. Nommer 1 vir my seun wat soos 'n helder liggie skyn, en 'n 2e vir die onderwysers en terapeute van Jan Krielskool. Die 3e liggie is vir al die weldoeners wat donasies stuur om ons kinders te help. En dan 'n 4e liggie om vir ons Hemelse Vader dankie te sê vir Sy groot genade.

Met 'n dankbare hart
Marleze Ferreira

Jan Kriel se Liggieboom staan as 'n baken van Hoop. Dit getuig van 'n plek waar liefde, omgee en geduld elke kind se karakter vorm en versterk. Saam met kersbome wêreldwyd word hierdie liggies elke jaar met Kerstyd aangeskakel.

Wil jy nie asseblief, ter wille van elke kwesbare kind by Jan Kriel, hierdie jaar 'n liggie aan ons Liggieboom borg nie? Een liggie kos slegs R100, so jy kan selfs 3 (R300), 5 (R500) of 'n string van 10 (R1000) liggies borg!

Gebruik asb die skakel na ons webwerf se “DONATE” bladsy om 'n maklike en veilige betaling te doen. Donasies aan Jan Kriel is belastingaftrekbaar.

BORG HIER 'N LIGGIE VIR 'N KIND

Dankie vir jou vrygewigheid!
Mag die Hoop wat Kersfees bring met jou en jou geliefdes wees.

Direkteur: Jan Kriel Instituut

Almal se mandjie

BOMA Vleismark Meat Market

Boma Vleismark doen dit weer!
2 x Cleaver-Toekennings in een jaar!

BOMA Vleismark Moreletapark
Platinum Provinsiaal 2020
BOMA Vleismark Olympus
Platinum Provinsiaal 2020

CLEAVER AWARD

Beeld 2020 PLATINUM
Leserskeuse
Eerste Plek

BOMA Deli Moreleta Plaza
012 811 5032
Ons bedien middagete op Sondae. Skep en weeg.

Garsfontein/Rubensteinlaan, Moreletapark 012 998 8711
Boma Vleismark Olympus 012 991 3022 • www.bomameat.co.za

DEBITEURE/ADMIN
Ek is op soek na n pos as debiteureklerk (d*ebtor controller)* of enige admin werk in die ooste van Pretoria. Skakel Magdel by 0608587007

AGNES is op soek na stukwerk vir Vrydae asook en vir enige iemand wat gedurende Desember ekstra hulp benodig.
Kontak Agnes by 073 764 6012

HUISHULP op soek na stukwerk vir 4 dae.
Joyce werk tans 1 dag per week by die kerk. Haar werkgewer (wat haar vir 4 dae per week in diens geneem het), verhuis Kaap toe. Indien jy van haar dienste gebruik wil maak (dit hoef nie al 4 dae te wees nie), kontak haar asb. by 072 923 1046.
Vir 'n verwysing, skakel Aretha by 082 328 1811

KLEINMOND
Volledig toegerusde vakansiehuis heel jaar beskikbaar. Stapafstand van die see. Slaap 6. Geen troeteldiere. R1200,00 per dag.
Kontak 0825538960/028-2715217 (Swanepoel)

Aangesien ons verhuis, is die volgende stukwerkers beskikbaar:
TUINIER beskikbaar Dinsdae en Donderdae. Hy is baie betroubaar, hardwerkend en pligsgetrou. Handig met onderhoud, herstel en verfwerk. Praat Afrikaans en werk al 11 jaar vir ons.
HUISHULP beskikbaar Maandae tot Vrydae. Sy is 'n Christen met 'n liefdevolle persoonlikheid, eerlik, lojaal, hardwerkend en pligsgetrou. Kan ook help met kosmaak en is handig met naaldwerk. Sy was voorheen 'n assistent by 'n kleuterskool en is baie lief vir kinders. Sy praat Afrikaans en werk al 14 jaar vir ons
Kontak Ida by 082 372 6782 of idasmit@mweb.co.za.



Residentia

Residentia Moria se bestuurder, Annatjie Griesel, wil graag ons aftree-oord vir ouer persone, geleë in die rustige, boomryke Krugersdorp-Noord, se dienste aan u bekend stel. Ons is stapafstand vanaf Keywest-winkelsentrum en noodsaaklike dienste soos dokters en hospitale asook baie naby aan toegangsroetes na Pretoria, ens.
Ons bied ‘n verskeidenheid verblyfkeuses:

Woonstelle
Die ateljee-woonstel is 22 vierkante meter groot en die 1-slaapkamer woonstel is 44 vierkante meter. Die maandelikse tarief sluit die hoofmaaltyd, wasgoed- en skoonmaakdienste, versekering en water in. Elke woonstel is toegerus met 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter en die strokies kan, soos benodig, by ons admin kantoor gekoop word. Die woonstelle is geskik selfversorgende persone en beskik oor ‘n volledige kombuis en badkamer met ‘n paniekknoppie vir ‘n noodgeval.

Residensiële-kamers
Hierdie kamers is geskik vir persone wat ondersteuning nodig het om steeds onafhanklik te wees. Die kamer is toegerus met 'n stort, wasbak en ingeboude kaste en die bad en toilette is naby in die gang geleë. Die maandelikse tarief sluit alle maaltye, skoonmaak- en wasgoeddienste, water en elektrisiteit, in. Die kamer is toegerus met ‘n paniekknoppie.

Versorgingsafdeling
Ons bied sorg aan swakker persone en ons gespesialiseerde Sonneblom-afdeling vir persone wat met demensie leef, bied gemoedsrus aan families en vriende. Enkel- en deelkamers (2 persone) is beskikbaar en diegene wat net ‘n SASSA-pensioen ontvang, kan vir ‘n staatsubsidie in aanmerking kom. Die losiesbedrag dek 24 uur verpleegsorg, alle etes, wasgoed, skoonmaakdienste, versekering en water en elektrisiteit. Die opgeleide versorgingspersoneel ondersteun inwoners met daaglikse aktiwiteite, toedien en monitering van medikasie, sowel as hulle algemene welstand.

Maatskaplike dienste
Ek is ‘n geregistreerde maatskaplike werker wat ondersteuning aan reeds gevestigde asook nuwe inwoner en hulle familie en vriende bied om sodoende die inskakeling asook daaglikse aktiwiteite, glad te laat verloop. Skakel my gerus met enige navrae, ek is altyd beskikbaar vir ondersteuning en my selnr. is hieronder gelys.

U is welkom om my te skakel vir nadere besonderhede

Vriendelike groete

HEILIE VAN DER MERWE
SOCIAL WORKER
t: +27 (0)11 660 7727
c: +27 (0)84 251 2459
e: moria2@residentia.co.za

RESIDENTIA
MORIA
1 KING GEORGE STREET, KRUGERSDORP, 1740
t: +27 (0)11 660 7727 I f: +27 (0)11 660 3836
email: moria@residentia.co.za

Care for the elderly Home care Short term care

Attestate en Bewyse van Lidmaatskap

Ontvang van:

GK Brooklyn: Michael Wilhelm Prinsloo
NG Rietfontein-Noord: Megan Kyla Prinsloo (Spedding)
GK Bronkhorstspruit: Jacobus Johannes en Amorentia Johnson (Erasmus) en dooplidmate Marenique, Jacobus Johannes en Isabelle



Gestuur na:

Christina Susanna Potgieter
NG Darling/Yzerfontein: Quentin Russel en Chrizelle Lee (du Plessis)
GK Waterkloofrand: Maria Elizabeth Badenhorst (Nel)

Beloftes: jou kinders woon oorsee

Die Here is naby almal wat Hom aanroep...
Hy hoor as hulle om hulp roep, en Hy red hulle.
Die Here beskerm almal wat Hom liefhet ...
Psalm 145:18-20

... Waarvandaan sal daar vir my hulp kom?
My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.
Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie;
Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.
Die Here sal jou beskerm ... Waar jy ook gaan, nou en vir altyd.
Psalm 121:1-3,7-8

Hy ... Sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom ...
Jy [sal] roep, en die Here sal antwoord, jy sal om hulp roep en Hy sal sê:
Hier is Ek!
Jesaja 58:8-9

Toe het die Here gevra: “Moet Ek self saamgaan en vir jou vrede gee?”
Toe het Moses vir Hom gesê: “As U nie self saamgaan nie,
Moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.”
Eksodus 33:14-15

Vertrou volkome op die Here
En moenie op jou eie insigte staat maak nie.
Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.
Spreuke 3:5-6

Die Groot Belofte-boek
Annes Nel (Lux Verbi)

HERNU VOERTUIG-
LISENSIES
BINNE 48 UUR

5% AFSLAG
daagliks vir
pensioenarisse

WAPADRAND 2019

Slaghuis van die Jaar

Maandag - Sondag | 06:00 - 21:00

NUWE DRANKPRODUKTE

0%
alkohol

"Wapadrand het vars kosse en verskeie produkte."

FRANSIE CROUS

VARS VLEISPAKKE | PEUSELHAPPIEBORDE | KOEKE

Bestel direk by Hendri
082 499 5461

Geseënde Kersfees